

26 Junie

Skrifgedeelte: 2 Konings 5:1-27

Fokusgedeelte: 2 Konings 5:24b-27

Wie met die sonde heul

Ons sien hoe Gehasi onder valse voorwendsels vir hom by Naäman 'n groot rykdom bekom het. By sy tuiskoms meld hy hom ewe vroom vir diens by Elisa aan. Elisa is egter "'n man van God". Hy weet van alles wat Gehasi gedoen het en hy wil aan hom die geleentheid tot besinning en bekering bied. Hy vra dus die vraag wat intussen spreekwoordelik geword het (OAV): "Vanwaar, Gehasi?"

Gehasi se hart was egter verhard. Hy antwoord soos iemand in wie se mond botter nie kan smelt nie: "Ek was nêrens heen nie." Gehasi stel nie belang in bekering nie. Elisa kon sy slaaf dus met reg verwyt dat hy die geleentheid misbruik het om homself te verryk. *In die genesing van Naäman moet juis gedemonstreer geword het dat God se gawes nie gekoop kan word nie. Hy gee dit sonder prys en sonder geld aan mense wat in ootmoed en met verwondering tot Hom nader.*

Hierdie kosbare boodskap is deur Gehasi se sondige optrede verduister. Hy moet dus nou hoor dat Naäman se "gawes" meer behels as net silwer en klere. Deel van die pakket is ook die melaatsheid van Naäman. Ook dáármee sou Gehasi en sy nageslag "vir altyd" opgeskeep moes sit!

Ook vir ons is hierdie 'n tydige les. Sonde het gevolge. 'n Mens kan nie "ja" sê vir die silwer en "nee" vir die melaatsheid nie. Die twee kom in een ondeelbare pakket! Wie jus "ja" sê vir die sonde, sê ook "ja" vir die gevolge van daardie sonde.

Daar is egter ook genade. God gee geleentheid vir bekering. Dit is waarom Elisa eers vra: "Vanwaar?" Wat doen jy met die geleentheid om jou sonde betyds te bely en jou daarvan te bekeer?

Sing: Psalm 118:1,12,14 Ds JJ Cloete (Koster)